

## Jy moet liever jou sonde oorwin

Met die verwoesting van Jerusalem en die ballingskap het die Here die volk Juda swaar gestraf. Hulle kon op verskillende maniere op die ellendige gevolge van hul sonde reageer het:

- Hulle kon in selfbejammering kla.
- Hulle kon die skuld op die Babiloniërs pak. Of op hulle bondgenote, want dié het hulle in die steek gelaat.

Ons is almal geneig om verskonings vir die gevolge te soek as ons die pad byster raak. Die digter doen egter eerlike selfondersoek (1:5; 1:8). Deeglike selfondersoek kan alleen geskied in biddende afhanklikheid van God (Joh 16:8; Ps 139:23, 24). In die worsteling met God kry hy helder insig in wat gebeur het. Die ramp wat hulle getref het, is hulle eie skuld.

Erkenning is egter nie genoeg nie. Dit is maklik om te bid: “Vergewe my my sonde.” Die digter volg egter die gesonde pad van gevoelvolle berou oor sy sonde (3:48). Hy besef deeglik dat die Here ’n gebroke gees nooit verag nie (Ps 51:19).

Godsdiens is nie bloot ’n persoonlike saak nie. Hy wek ook sy volk op tot eerlike selfondersoek. Met ’n selfsugtige gesindheid waar jou gebedslewe bloot om jouself draai, loop jou gebed op niks uit nie (Jak 4:2c, 3). Het jy al daaraan gedink dat “ons” herhaaldelik in die Ons Vader-gebed voorkom? Die belange van jou naaste moet ook swaar weeg (Fil 2:4).

Op berouvolle skuldbelydenis volg vergifnis – meer as dit: ook lewensverandering. Dít kan ’n gelowige nie alleen doen nie. Daarom bid die digter in nederigheid dat God hulle krag sal gee om met die sonde te breek en ’n nuwe lewe te lei: *Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees, gee ons weer die bestaan van vroeër* (5:21).

Selfondersoek in biddende afhanklikheid van God bring insig en erkenning van jou sonde. Op eerlike skuldbelydenis kom bekering van verkeerde paaie. Dit bly ook vir jou die bakens langs die pad tot oorwinning oor jou sonde tot nuwe lewe in Christus.

Sing: Psalm 32:2, 3 (1936)

Ds APC Duvenage (Emeritus)